

Geliefde Lourensrivierder

"OMGEE spel mens M-O-E-I-T-E"

Ek was nou vir twee weke 'n klein bietjie op die krukkelys en toe ek Maandag hier instap kry ek bogenoemde stelling onder al my boodskappe wat vir my wag... Een van ons gemeentede, Carina Rabie, het gedink ek kan dit dalk gebruik in van ons nuusbriewe.

Min het sy geweet, dis presies wat ek die afgelope twee weke beleef het... Die omgee wat ek ontvang het van 'n ongeëwenaarde vriendekring en geloofsgemeenskap het my laat beseef dat daar 'n stuk opoffering deel uitmaak van omgee! "n Stuk van "ek-gee-myself-ek-gee-my-tyd" wat geld nie kan koop nie. Wat 'n seën en voorreg om sulke mense te ken!

Ek dink dit is presies wat Jesus ons van die begin af geleer het met die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan...

**LUK. 10:25-37 "Toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry."**

Die Here Jesus het 'n hart vir mense. Dit hoor mens in hierdie gelykenis van die Barmhartige Samaritaan. As Hy die Samaritaan se reaksie beskryf dan beskryf Hy eintlik sy eie hart: "Toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry." Want dit is wat Jesus eintlik vir enigeen van ons doen. "Toe hy jou sien, het hy jou innig jammer gekry." Dit is die evangelie van dié meestersverhaal.

Jesus het 'n hart wat luister, 'n hart wat omgee, 'n hart wat liefhet. Ons sien dit in elke ding wat Hy ooit gedoen het. Sy geboorte. Sy bediening. Sy lyding. Sy kruisdood. Sy opstanding. Selfs sy hemelvaart, want Hy tree vir ons elke oomblik van elke dag in. Sy gebede word in die hart van die hemel gehoor, en dáár wys Hy steeds dat Hy vir ons omgee, trouens dat Hy vir al die mense op hierdie aarde omgee.

"Toe hy ons sien, het hy ons innig jammer gekry." Inderdaad!

(Bron: <https://ngkerksomerstrand.co.za/lukas-1025-37-toe-hy-hom-sien-het-hy-hom-innig-jammer-gekry/>)

En LIEFDE spel mens T-Y-D!

**NUUSKRUMMELS: 22 Augustus 2019**

**NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:**

**SONDAG, 25 Augustus** is Nagmaal Dinamiet Kiedz gaan saam met die ouers nagmaal gebruik in die kerk.




Die Nagmaal is so 'n spesiale deel van ons geloof. Ons wil daarom graag hê dat dit vir elke kind ook 'n spesiale ervaring sal wees wat hul geloof bou en versterk. Met die Nagmaal vier ons die feit dat ons aan Jesus en aan mekaar behoort. Ons geniet ook saam die maaltyd van Jesus om vir mekaar te sê dat ons broers en susters is in een groot huisgesin: die huisgesin van God. Ons is aan mekaar verbind en is lief vir mekaar. Die Nagmaal is ook 'n spesiale deel van die geloofspad wat ons as gesin saam stap.

**SONDAG, 1 September besoek ons weer Huis Jan Swart. Kiedz kan weer koekies saambring. Ons kom by kerksaal bymekaar.**

**NB**



1 Kor 11:26 "Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom."



"I've learned that people will forget what you said, people will forget what you did, but people will never forget how you made them feel."  
— Maya Angelou

**M.A.G.**  
**(Meisies Agter God)**

**'n Oggend vol bederf vir elke vrou in jou lewe. Kom 'plug' jouself in by God se kragtige teenwoordigheid.**

**Datum: 14 September 2019**  
**Tyd: 10:00**  
**Plek: Lourensrivier Gemeente, Strand.**  
**Koste: R50 p/p**  
**Tema: Waar krag min is, daar is God.**

Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor of kontak Tijane Visser @ 083 287 0954

## VOEDSELFEEES, VREUGDEFEEES

Hier in die kantoor loop die Voedsel feeskoors hoog, so maak asb 'n groooot knoop iewers om te onthou van die lekkerste Kuier, Klets, Kou en Kosdag in die jaar 🎵🎵

Ons woeker steeds, so indien julle iewers wil help of betrokke raak, kontak asb vir:  
Apolonia Maritz @ 021-8537560 / 0825077091 of Gerda de Villiers @ 0824664766

### **DAAR IS DIENSWERKERS WAT IN DIE WYKE RONDGAAN MET LYTE.**

Indien julle nie bereik word nie, kan bydraes ook asb. in die vorm van produkte of kontant by die kerkkantoor afgegee word. Indien julle nie by die kerkkantoor kan uitkom nie, maar steeds wil bydra, skakel 021- 853 5991.

Talle kosstalletjies met vars gebak – kaaskoek, melktert, beskuit, vetkoek, roosterkoek, hamburgers, slap chips, kleinkoekies, muffins, kolwyntjies, “moer”-koffie, basaarpoeding, pannekoek, koeldrank, tuisgemaakte lekkers, potjiekos, boereworsrolle en vele meer.

**POEDINGTAFEL:** Benodig ASB leë roomysbakke, vir dié wat poedings wil maak.

Ook nog klaar poedings, sowel as bestanddele om dit te maak en ook vla.

Kontak asb vir Suzette de Lange 021-8533577 / 0834526846

**Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar:**

**Potjiekos @ R50-00 en Boereworsrolle @ R20-00.**

Kom koop asb so gou moontlik. Baie dankie.

### **POTTE TE KIES EN TE KEUR**

Hoenderpot

Boontjebredie (lam)

Oxtail

Kerrie

Lasagne

Skenkelpot met groente

Waterblommetjie

Wildsvleis

**NB: Potjies sal vanaf 11 uur beskikbaar wees.**

### **VIR EFT'S/FINANSIËLE BYDRAES:**

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier;  
ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312);  
Rek. Nr. 420 580 231.

- Stuur asb bewys van inbetaling na kantoor, fin@lourensrivier.co.za met verwysing (Naam en Voedsel fees).
- Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

Baie baie dankie en vriendelike groete,  
Voedsel feeskomitee

Enige navrae, kontak kerkkantoor  
@ 021 853 5991.

Voedsel fees Groete  
Apolonia en Gerda

**Lourensrivier Gemeente**  
**31 AUGUSTUS 2019**  
**09h00 - 14h00**

**Vreugde**  
**VOEDSELFEEES**

*'n Fees van Lag, eet, pret-hê en kuier.*

**Talle kosstalletjies met vars gebak, vetkoek, roosterkoek, basaarpoeding, potjiekos en vele meer asook Kindervermaak.**

**Lourensrivier Gemeente**  
**h/v Broadway & Da Gamastraat, Strand**  
**021-853 5991**

## Ons WOEKERHOEKIE het gegroei!]:



Anna se heerlike Marmelade	R35		Fruit Rolls:		
Canola & Olyfolie	R85		Mango & Pineapple Roll	R20	80g
Gewone Canola Olie	R75		Aarbei Roll	R20	70g
Lappiesboontjies	R50	1kg	Fig Roll	R20	80g
Heuning	R60	400ml	Mango & Citrus Roll	R20	80g
Anna se Kleinkoekies	R25		Mango Roll	R20	80g
Anna se Beskuit	R40		Guava Roll	R20	80g
Droëvrugte uit Ceres: Pruime; Pere; Perskes (lospit); Rosyne; Gemeng	R70	p/kg			
Gedroogte Naartjie	R75	500g	Choc Raisin Balls Snack Pack	R10	
Strawberry Diced	R25	150g	Mango Grenadella Snack Pack	R10	
Mix Nuts	R25	100g	Peanuts Snack Pack	R10	
Ginger Cubes	R20	100g	Peanuts & Sultana Snack Pack	R10	
Pineapple Cubes	R15	100g	Apricot Snack Pack	R10	
Sucrose free tots	R25	200g	Strawberry Snack Pack	R10	
Raisins	R15	150g	Guava Snack Pack	R10	
Currents	R20	150g	Mango & Pineapple Snack Pack	R10	
Sundried Tomatoes	R20	50g	Mango Citrus Snack Pack	R10	
Mango with Sulpher	R10	500g	Pineapple Cubes Snack Pack	R10	
Mango No Sulpher	R10	500g	Sultana Snack Pack	R10	
Mango No Sulpher	R50	250g	Super Cake mix with nuts & peel	R20	250g
Mango No Sulpher	R30	100g	Super Cake mix with nuts & peel	R35	500g
Yoghurt Peanuts	R20	100g	Peanuts pink and white	R35	200g
Yoghurt Dates	R20	100g	Choc Raisins	R20	100g
Hazelnuts Blanched	R30	100g	Choc Raisins	R35	200g
Hazelnuts Blanched	R50	200g	Choc Peanuts	R20	100g
Almonds Blanched Flaked	R25	70g	Ouma Apricots	R15	200g
Almonds Natural Blanched	R30	100g	Peacan nuts	R30	100g
Goji Berries	R25	80g	Peanuts Raw	R15	150g
Walnut Natural	R25	100g	Golden Sultanas	R25	200g
Walnut Natural	R40	200g	Golden Sultanas	R45	450g
Cranberries	R25	150g	Dates Pitted	R50	600g
Cranberries	R50	400g			

## NUUS UIT DIE GEMEENSKAP



### NG HOTTENTOTS-HOLLAND FAMILIEKERK NOOI JOU UIT

Kom luister saam na Andriëtte en vier ons verjaarsdag saam met ons!

20:00 Vrydagaand 6 September 2019

Voorste twee rye sitplekke in kerkgebou: R190pp  
Res van die kerkgebou: R170pp

Kerrie en rys vooraf beskikbaar teen R40

Kaartjies beskikbaar by 021 852 5004  
(Kantoorure is weksdae 9:00 - 13:00)

# HENDRIK LOUW FEESDAG

PIET RETIEF STRAAT, STRAND 5 OKTOBER 2019

POTJIEKOS KOMPETISIE  
R300 PER SPAN  
INSKRYWINGSVORMS BY OUKOMAS

POTJIEKOS KOMPETISIE  
SLEGS 35 PLEKKE BESKONGBAAR  
MIN. 2 / MAX. 4 PER SPAN  
BEOORDELAARS VAN VIA-TV

Frik Oosthuizen & Piet Marais  
Vir die kompetisie: Frik, Piet, Tjops, Marais  
Wisselende: Tjops, Marais, Frik, Oosthuizen  
31 Okt 2019  
30 Okt 2019  
Touren: 10:00 - 12:00  
Wisselende: 12:00 - 14:00  
Spesieel: 14:00 - 16:00  
Vir die kompetisie: 16:00 - 18:00

Dodgeball kompetisie  
7's Rugby bekendes  
Fire brigade (rescue demo)  
Big Foot / Monster truck  
Spookhuis  
Tourenkompetisie

GEEN GEBRUIK VAN ALKOHOOL IN PUBLIEKE PLEKKE. GEBRUIK ASSEBLIEF ONS BIERTENT

Vir meer informasie en inskrywingsvorms e-pos : [hendrikl@mweb.co.za](mailto:hendrikl@mweb.co.za)

**LAERSKOOL HENDRIK LOUW FEESDAG – SAT. 5 OKT. 2019**  
 Kom ondersteun Louwtjies se Feesdag!  
 Vele aktiwiteite vir oud-en-jonk.  
 Kompetisies sluit "Dodgeball" en 'n Potjiekoskompetisie met "Laat die potte prut" se beoordelaars in. Kom stal by ons vlooiemark uit. Neem deel aan verfklassie. Besoek die spookhuis en nog vele meer. Die hele gesin is welkom.  
 E-pos asb. [hendrikl@mweb.co.za](mailto:hendrikl@mweb.co.za) vir meer besonderhede oor die kompetisies.  
 Rouvé Bergmann  
 Laerskool HENDRIK LOUW  
 Kontaknr. 021 853 1045

## HENDRIK LOUW POTJIEKOSKOMPETISIE

Date: Saturday, 5 October 2019  
 Place: Hendrik Louw Primary

Closing date for entries:  
 5 September 2019



Judges from Via-TV



For more info and entry form email:  
[hlfeesdagpotjie@gmail.com](mailto:hlfeesdagpotjie@gmail.com)

Frik Oosthuizen



Piet Marais



No use of alcohol in public areas. Please make use of the beer tent.

## BOESMANLAND LAM van BRANDVLEI af KAAP toe!

Johan bring weer vir ons lam van uit die mooie Karoo na die Kaap die 18de September. Die lammers word met groot sorg voorberei en verpak soos meeste van julle al ondervind het.



- Die opsies van verpakking om uit te kies is as volg:
- Heel lam alles tjops
  - Heel lam met een boud heel, res tjops
  - Heel lam met twee boude heel, res tjops
  - Half lam alles tjops
  - Half lam met boud heel, res tjops



Net aanvullende notas oor lam se verpakking: die ribbes word heel gehou en net geknak vir maklike gebruik. Kookleis word verpak in sakkies en bygevoeg tussen tjops wat verpak word 4 tot 6 tjops per sakkie.

Ons maak seker alle heel lammers weeg 18 kg na verpakking, en half lammers 10 kg na verpakking. Die spesiale prys vir die volgende bestelling is R88 per kg. Dws R880 vir half lam, en R1584 vir heel lam.

Indien jy sou belangstel, bevestig asseblief jou keuse aan my teen nie later as Saterdag 31 Augustus om 12h00. Ek sal dan bankbesonderhede laat kry vir betaling en ook reelings tref vir aflewering.

Navrae: Tertia 079 668 4866 / [tertiabrandsa@gmail.com](mailto:tertiabrandsa@gmail.com)



## KNIEWERK:

- ✝ Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- ✝ Koos van der Merwe ernstig siek (bid ook asb vir familie)
- ✝ Bid dat ons logo, Oorgee, Omgee, Aangee uitgeleef word in ons kerk, gemeente en gemeenskap

## FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONSAAG, 25 AUGUSTUS SE BOODSKAP: HEBR 12:18-29 (11DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Hierdie skrifgedeelte hou Barmhartigheidsondag in Koninkrykstyding in gedagte en maak 'n oproep aan die gemeente om 'n verskil in die wêreld te maak.

'n Groepie Joodse Christene leef in uitdagende tye. Hulle worstel daagliks met 'n verskeidenheid beproewings, onsekerhede en bekommernisse. Nou twyfel hulle of Jesus se verlossing regtig 'n verbetering aan hulle daaglikse lewe maak. Uiteindelik bevraagteken hulle die waarde van hulle geloof, hulle dryf weg van die Here en sy kerk en verval in ongeloof.

Die Hebreërskrywer wil hulle bemoedig deur hulle te help om op God te fokus!

Dit is ook sy boodskap aan ons as gelowiges wat leef in 'n tyd van ongekenende uitdagings. Hy doen dit omdat hy ons wil aanspoor tot volharding in geloof en om vanuit dié geloofsverhouding 'n verskil in die wêreld te maak! Omdat hy ons hiervan wil oortuig, vra hy dat ons terugdink aan die Paasgebeure wat radikale verandering in ons geloofslawe gebring het.

Fred Craddock vertel van 'n sekere man wie se vrou en kinders altyd kerk toe gegaan het terwyl hy by die huis gebly het. Sy argumente was altyd dieselfde: "Die kerk gee nie vir my om nie, hulle soek net 'n nuwe naam op hulle boeke of net nog 'n dankoffer!" Hy het dit bly sê totdat hy keelkanker gekry het. Daar, in sy hospitaal-kamer, te midde van die lidmate se blomme en kaartjies, skryf hy op 'n stuk papier: "In die harde wêreld, vertel my storie!" Fred leun toe oor terwyl hy sy hand vashou en vra: "Pa, wat is jou storie?" Hy skryf toe weer: "Ek was verkeerd!"

Is ons bereid om te sê: "Ek is verkeerd!" Verkeerd, omdat ons sinies geword het? Daarom stap ons maklik by 'n eensame, verlate, dronk persoon verby, terwyl ons verskonings uitdink hoekom ons nie hoef om te gee nie. Of lees ons van 'n huis wat afgebrand het, en dink: Ag sies tog, hoe vreeslik. Ek hoop iemand help hulle. Of kyk ons nuus en dink dat dit gelukkig daar ver gebeur het.

Die alternatief is of ons bereid is om te luister na wat God vir ons sê.

Die waarheid is dat ons vandag God se stem baie makliker hoor as in die ou tyd, want ons hoor dit deur Jesus se offer aan die kruis. Ons moet egter oppas. Dit is en bly God se stem wat na ons toe kom.

Daarom moet ons dit nie ignoreer nie. Wie dit vergeet, sal ontdek dat God soos 'n verterende vuur is (Heb 12:28-29)!

Bron: <http://preke.bybelmedia.org.za/>

Jackie@Lourensrivier

**OORGEE, OMGEE, AANGEE**

